Kentekens op Erkenningsbaadjie van Volwassenes

Regterkant		***Linkerkant***
Naambalkie Die naambalkie kom in die middel van die skouer, ***100 mm*** van die skouernaat af.	***1.***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af.
Groepkenteken Die groepkenteken kom ***30mm*** van die onderkant van die naambalkie af	***2.***	***Gebiedswapen*** Die Gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
Hoofleierswag/Presidentverkenner Hierdie kenteken kom ***30mm*** van die onderkant van die groepkenteken af.	***3.***	***Kommandonaam*** Die kommandonaam kom ***10 mm*** van die onderkant van die Gebiedswapen af.
Kursus Die kenteken van die laaste kursus wat voltooi is, kom ***30mm*** van die onderkant van die HW- of PV-kenteken af. Indien geen HW of PV gedra word nie, kom die Kursuskenteken ***30mm*** van die onderkant van die groeps-kenteken af. (slegs een kursuskenteken word gedra)	***4.***	***Medaljelintbalkie*** Die medaljelintbalkie kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaam af.
ABC Toekenning Die kenteken kom ***30 mm*** van die onderkant van die kursuskenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien geen kursuskenteken gedra word nie, kom die ABCkenteken ***60mm*** van die onder-kant van die Hoofleierswag/Presidentverkenner kenteken af. Indien geen kursuskenteken of Hoofleierswag-/Presidentverkennerkenteken gedra word nie, kom die ABC-kenteken ***60mm*** van die onderkant van die groepkenteken af.	***5.***	***Rangkentekens*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die medaljes af. **Indien nog geen medaljes toegeken is nie, kom die rangkentekens *30mm* van die onderkant van die kommandonaam af.** (vou die lint tot **10mm**)
	6.	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkentekens. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die medaljelint af.** **Indien geen rangkentekens of medaljelint gedra word nie, kom die jukskei *70mm* van die onderkant van die kommandonaam af.** 1.Na een jaar getroue diens word 'n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met 'n groen jukskei, jaar drie met 'n blou jukskei en jaar vier met 'n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die rooi jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepas-like kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	***75 Jaar Feeskampkenteken:*** Hierdie kenteken kom ***10mm*** onderkant die kenteken vir getroue diens.

Januarie 2011

Offisiere Erkenningsbaadjie uitleg

Januarie 2011

REGTERKANT ***LINKERKANT***



Staatmaker Erkenningsbaadjie uitleg

Januarie 2011

REGTERKANT ***LINKERKANT***



Kentekens op Formele Baadjie van Volwassenes

SLEGS METAAL KENTEKENS WORD OP DIE FORMELE BAADJIE GEDRA

Regterkant		***Linkerkant***
Naambalkie (HW en PV word hierop aangedui) Die naambalkie kom regoor die mikkie van die kraag.	**1.**	***Medaljes / Medaljelintbalkie*** Die medaljes of medaljelintbalkie kom regoor die mikkie van die kraag. **Medaljes soos toegeken word gedra in die volgorde:** Dekorasie naaste aan die knopekant Goud Silwer Brons naaste aan die moukant Medaljebalkie en Medaljelintbalkie soos toegeken
Rangkentekens Die rangkentekens kom teenaan mekaar, ***10mm*** van die onderkant van die naambalkie af.	**2.**	
Jare getroue diens: Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die rangkentekens af. 1. Na een jaar getroue diens word 'n jukskei toegeken 2. Na vyf jaar getroue diens word die jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 3. Daarna word slegs elke vyf jaar 'n voorjuk met die toepaslike kleur toegeken.	**3.**	
ABC Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die jukskei/voorjuk af en slegs die hoogste toekenning word gedra.	**4.**	

Die dra van die medaljes of die medaljebalkie word normaalweg aan die oordeel van die draer oorgelaat, behalwe waar dit deur die bevelvoerende persoon gespesifiseer word, asook in die volgende gevalle.

Medaljes word by seremoniële geleenthede gedra soos byvoorbeeld by:

Oorhandiging van Hoofleierswag- en Presidentverkenner toekennings.
Oorhandiging van Voorslag Penkop- en Drawwertjie toekennings.
Oorhandiging van Medaljes.
Voortrekkerbegrafnis
Voortrekkertroue

Januarie 2011

Kentekens op Formele baadjie van Volwassenes



Januarie 2011